# DIE TWAALFDE KONGRES VAN DIE "INTERNATIONAL ORGANIZATION FOR THE STUDY OF THE OLD TESTAMENT" (IOSOT), 24 TOT 29 AUGUSTUS 1986 IN JERUSALEM*

**W S PRINSLOO**

**ABSTRACT**

**The XII congress of the "International Organization for the Study of the Old Testament", 24–29 August, Jerusalem**

The XII congress of the IOSOT, attended by 436 participants from all over the world, took place in Jerusalem under the auspices of the Hebrew University. The presence of a great number of Israeli scholars had a definite influence on the proceedings of the congress. South Africa was also well represented. The congress reflected the multiplicity of approaches in current Old Testament research and no new trends came to the fore at the congress. The sociological approach was implemented by a considerable number of scholars. In general it can be said that the text immanent approach gained ground on the historical-critical method.

## 1. Inleidend

Die twaalfde IOSOT-kongres het van 24 tot 29 Augustus 1986 in Jerusalem op die "Mount Scopus"-kampus van die Hebrew University plaasgevind.

436 deelnemers uit 33 lande het die kongres bygewoon. Die aantal deelnemers per land word tussen hakies aangegee: Australië (4); België (7); Czechoslovakye (1); Denemarke (3); Egipte (1); Engeland (17); Finland (1); Frankryk (5); Hongarye (2); Ierland (1); Israel (190); Italië (9); Japan (3); Jugoslawië (2); Kanada (5); Korea (3); Mexico (1); Nederland (17); Nigerië (1); Noorweë (7); Oos-Duitsland (8); Oostenryk (3); Poland (7); Roemenië (6); Skotland (3); Spanje (5); Suid-Afrika (7); Swede (9); Switzerland (8); Tanzanië (1); VSA (77); Wes-Duitsland (36); Ysland (1).

Uit hierdie oorsig blyk dat 190 deelnemers uit Israel — dus net meer as 40% van die totale aantal — afkomstig was. Dié feit het ongetwyfeld 'n bepalende invloed uitgeoefen op die verloop en aard van die kongres.

*Met dank word erkenning gegee aan toekennings deur die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* asook die *Universiteit van Pretoria*

Die VSA met 77 deelnemers was ook sterk verteenwoordig. Die relatief geringe aantal deelnemers uit Wes-Europe het ook opgeval.

Suid-Afrika was relatief sterk verteenwoordig: H L Bosman (Unisa), J Cook (US), J L Helberg (PU vir CHO), F du T Laubscher (UOVS), W S Prinsloo (UP), S D Snyman (UOVS) en W Vosloo (UP) het die kongres bygewoon. Van die sewe het ses referate of kort referate op die kongres gelewer: H L Bosman: "Adultery, prophetic tradition and the Decalogue"; J Cook: "Exegesis of the LXX-Genesis"; J L Helberg: "The land in the book of Lamentations"; F du T Laubscher: "The structural unity of the Manual of Discipline (1QS)1:1–18a"; W S Prinsloo: "The cohesion of Haggai 1:4–11"; S D Snyman: "Antitheses in the book of Malachi".

## 2. Die verloop van die Kongres

2.1 Die **oggendsessies** is afgestaan aan die hoofreferate. Dit het plaasgevind in een lokaal waar al die deelnemers teenwoordig was. Dié referate sal gepubliseer word in "Supplements to *Vetus Testamentum*", 'n amptelike publikasie van IOSOT. Die hoofreferate het aan die volgende temas aandag gegee: "The Bible and the Land of Israel"; "Social and religious institutions"; "Prophetic literature"; "Textual criticism and the Qumran Scrolls"; "Schools and scribal activity in the Biblical period".

'n Teleurstellende aspek van die hooftemas en die daarby aansluitende referate is die feit dat die **teks** van die Ou Testament self nie genoeg aandag gekry het nie. Sake soos die historiese geografie, argeologie en vergelykings tussen Israel en die Nabye Ooste het veel meer aandag gekry.

'n Tendens wat duidelik na vore getree het, is die sogenaamde **sosiologiese benadering**. Dit was veral navorsers uit die VSA wat aan dié aspek aandag gegee het. 'n Voorbeeld hiervan was die voordrag van L E Stager (Harvard): "Archaeology, ecology and social history. Background themes to the 'Song of Deborah'". Die rekonstruksie van die sosiologiese "setting" waarin 'n teks afgespeel het, was nog altyd 'n belangrike hulpmiddel om 'n teks te verstaan. Ek kry egter die indruk dat sommige navorsers hulle eie kontemporêre sosiologiese model op die Ou Testament afforseer.

Van die hoofreferate het die afdeling oor *"Prophetic literature"* die naaste aan my eie belangstellingsveld en spesialisasieterrein gekom. Hier het veral die bekende **H Ringgren** (Uppsala, Swede) 'n interessante bydrae gelewer. Hy het dit veral teen die neiging om alle profetiese stof na die eksiliese of ná-eksiliese tyd te verskuif. Soos te verwagte van 'n

Skandinawiese geleerde, lê hy klem daarop dat die profetiese boeke uit "ancient material" bestaan wat 'n lang oorleweringsproses deurloop het. **B Uffenheimer** (Tel Aviv) het op sy beurt weer 'n ontleding van die profetiese bewussyn gegee vanuit die psigologiese en antropologiese perspektief. **B Lang**, 'n jong en baie produktiewe Rooms-Katolieke Ou-Testamentikus (Paderborn, Wes-Duitsland), het in sy referaat ("Life after death in prophetic promise") probeer aantoon dat daar veral in Esegiël 37 'n opstandingsgeloof terug te vind is. Volgens hom is die Persiese opstandingsgeloof deur Esegiël 37 geherinterpreteer en aangepas. Lang se betoog het egter nie werklik oortuig nie en hy het ook te lukraak oor Esegiël 37 beweeg sonder om dit aan indringende eksegese te onderwerp.

Behalwe die sosiologiese benadering — wat eintlik ook geen nuwe saak is nie — het daar werklik **geen duidelike nuwe tendense na vore getree nie**. Die onderskeie referente het — ooreenkomstig die verskillende lande, "skole" en konfessionele rigtings waaruit hulle afkomstig was — presies gesê wat van hulle verwag sou kon word. Die **Duitssprekende** navorsers werk steeds hoofsaaklik histories-krities. Vir hulle is die vraag na die herkoms en groei van die teks baie belangrik. Hierteenoor funksioneer begrippe soos die bronnehipotese, die probleem in verband met die gelaagdheid van 'n teks en terme soos die Deuteronomistiese geskiedswerk nouliks by die meeste **Israeli** geleerdes. Hulle hanteer die teks eerder op 'n fundamentalistiese wyse en gebruik die argeologie op 'n apologetiese wyse. In alle billikheid moet egter ook gesê word dat daar onder die Joodse geleerdes tog verskillende strominge aanwesig is. Iemand, soos byvoorbeeld T Fenton (Haifa), laat blyk dat hy deeglik kennis neem van die resultate van die histories-kritiese metode en ook daarmee werk. Ek het ook opnuut onder die indruk gekom van die relatiwiteit van argeologiese opgrawings. Tydens die kongres self en op 'n argeologiese "field trip" na afloop van die kongres na die belangrikste opgrawingsplekke toe (Tel Arad, Tel Berseba, Tel Lagis, Tel Miqne, Tel Qasile, Tel Dor, Tel Megiddo) het dit duidelik geblyk dat dieselfde argeologiese fondse en resultate verskillend beoordeel en dateer word deur die verskillende "skole". Iets soos 'n onomstootlike of objektiewe bewysvoering op grond van die argeologie is 'n illusie. Die voorveronderstelling van navorsers bepaal grootliks hoe die argeologiese fondse geïnterpreteer word. So sou 'n mens byvoorbeeld kon sê dat sommige argeoloë met behulp van argeologie die geskiedenis van Israel wil minimaliseer terwyl ander die direk teenoorgestelde wil doen deur dit te maksimaliseer.

Die **Skandinawiese** geleerdes het ook 'n stewige bydrae tot die kongres gelewer. As ek 'n veralgemening moet maak — wat uit die aard

van die saak simplisties kon wees — sou ek sê dat alhoewel hulle aan die historiese wording van die teks aandag gee — veral aan die mondelinge oorlewering daarvan — daar tog by hulle 'n meer holistiese benadering asook 'n belangstelling na die huidige vorm en kohesie van die teks aangetref word.

2.2 Die **middagsessies** het bestaan uit die sogenaamde "short papers". Hier het gelyktydig vier sessies plaasgevind sodat elkeen kon inskakel by dié lesing/s van sy belangstellings- of spesialisasieterrein. Hierdie "short papers" is onder andere in die volgende afdelings ingedeel: "Archaeology, Epigraphy and Historical Geography"; "Minor Prophets"; "Great Prophets", "Pentateuch"; "Qumran Literature"; "The Five Scrolls"; "Religious Concepts and Theology"; "Psalms, Job and Proverbs"; "Historical Books"; "Israelite History"; "Apocrypha and Pseudepigrapha"; en "Ancient Near East". 'n Seleksie van die "Short Papers" gaan gepubliseer word in die reeks *Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des Antiken Judentums.*

Hieruit blyk die ryke verskeidenheid van terreine wat betree is. Alhoewel die mededelings van wisselende gehalte was en een van die senior Ou-Testamentici selfs van dié gedeelte van die program gepraat het as die "Kindergarten" — verwysende na die oorheersend jong navorsers wat hieraan deelgeneem het — kon 'n mens tog 'n goeie idee kry van die huidige stand van die Ou-Testamentiese navorsing

Soos te verwagte by 'n kongres wat in Jerusalem plaasvind, het die kort referate ook baie aandag aan die **argeologie, die geskiedenis van Israel en die vergelyking met die Nabye Ooste** gegee.

Alhoewel daar heelwat aandag aan die **Pentateug** gewy is, het die vraag na die bronnehipotese en die groei van die Pentateug opvallend min aandag geniet. 'n Uitsondering was die referaat van T Veijola (Helsinki): "Principal observations on the basic story in Deuteronomy 1—3". Die referaat van J Scullion (Melbourne) oor Genesis 12—36 eindig heel veelseggend met die woorde: "The final form of the Hebrew text determines the theological interpretation". Die sogenaamde **Groot Profete** (Jesaja, Jeremia en Esegiël) het voldoende aandag gekry terwyl die **Twaalf Klein Profete** nie veel aftrek gekry het nie. Terwyl die **Wysheidsliteratuur** by vorige IOSOT-kongresse sterk op die voorgrond was, het dit hierdie keer relatief min aandag gekry. Verder blyk dit 'n tendens te wees — wat ook hier na vore getree het — dat die **Psalms** nie juis in die brandpunt van die diskussie staan nie. Die **Teologie** van die Ou Testament en die problematiek verbonde aan die skrywe daarvan het glad nie gefigureer nie. Alhoewel veral die Israeli geleerdes hulle besig hou met die sogenaamde "computer analysis" van tekste het ook dié

faset weinig aandag op die kongres gekry.

2.3 Die **aandprogramme** is onder andere afgestaan aan besoeke aan 'n uitstalling van Bybelse manuskripte en 'n besoek aan die Israel-museum insluitende 'n besoek aan die sogenaamde "Shrine of the Book" waar van die Qumrangeskrifte geberg word. Daar het egter ook enkele hooflesings in die aande plaasgevind. Hiervan was die voordrag van Rolf Rendtorff (Heidelberg, WD), een van die bekendste en invloedrykste Ou-Testamentici, ongetwyfeld die hoogtepunt. Wat Rendtorff gesê het, was basies dat daar in die verlede te veel van die herkoms en groei van die teks gemaak is en dat die tyd aangebreek het om meer aandag te gee aan die teks soos wat dit tans voor ons lê. Vir Rendtorff, as Duitse geleerde, as produk van die histories-kritiese skool en boweal as leerling van Gerhard von Rad moes dit baie waagmoed gevra het om só 'n stelling te maak. Sy voordrag was dan ook allesbehalwe populêr by sy histories-krities gesinde vriende.

## 3. Samevattend

3.1 Die bywoning van die IOSOT-kongres was 'n verrykende ervaring. Ek kon ou kontakte opneem en nuwe bande smee met vakgenote. Die bywoning van die referate en die talle gesprekke met kollegas kan alleen positiewe gevolge vir toekomstige doseer- en navorsingswerk inhou. Op 'n ná-kongrestoer is ook besoek gebring aan en kontak opgebou met die belangrikste ander universiteite in Israel, naamlik Berseba, Tel Aviv en Haifa. Miskien moet daar meer doelbewus gewerk word aan die uitbouing van kontak met die Israeli universiteite. Die inligting wat by die kongres opgedoen is, sal aan plaaslike vakgenote en studente deurgegee word.

3.2 Vanweë die gespesialiseerde aard van die Ou-Testamentiese navorsing en vanweë talle en talle benaderingswyses, invalshoeke en modelle wat op die Ou Testament toegepas word, is dit nouliks meer moontlik om die navorsing onder een kombers toe te maak of om van algemene tendense te praat. Tog sou 'n mens kon sê dat dit lyk asof die histories-kritiese metode terugsak ten gunste van 'n meer teksimmanente benadering. So 'n stelling moet egter met omsigtigheid gemaak word, want die teenwoordigheid van meer navorsers uit die Duitssprekende wêreld kon dalk 'n ander kleur aan die kongres gegee het.

3.3 Die meer teksgerigte benadering sou dalk juis die geleentheid vir Suid-Afrikaanse geleerdes bied om 'n eie, selfstandige bydrae te lewer

deur byvoorbeeld die literêre benadering wat al hoe meer veld wen, nog meer uit te bou. Dit is interessant dat 'n saak soos die resepsieteorie wat reeds baie aandag in Nuwe-Testamentiese kringe geniet, nog nie juis inslag by die Ou-Testamentiese navorsing — ten minste nie op dié kongres nie — gevind het nie. Suid-Afrikaanse geleerdes sou op hierdie gebiede dalk ook in die toekoms 'n sinvolle bydrae kon lewer.

3.4 Alhoewel daar vanweë die talle Israeli geleerdes en die feit dat die kongres in Jerusalem gehou is miskien te veel aandag aan sake soos geografie, argeologie, die geskiedenis van Israel en die Rabbynse interpretasie van die Ou Testament gegee is, het die bywoning van die IOSOT-kongres tog 'n mens se oë weer gevestig op die belangrikheid van bogenoemde sake wat soms in ons eksegetiese model afgeskeep word.